Mammoet

in Wikipedia, die vrye ensiklopedie

’n **Mammoet** is enige spesie van die uitgestorwe genus ***Mammuthus***, wat uitgeken kon word aan hul lang, gekromde tande en, in noordelike spesies, hul wollerige hare. Hulle het in die Plioseen-epog (vanaf sowat 5 miljoen jaar gelede) in Afrika, Europa, Asië en Noord-Amerika voorgekom tot in die Holoseen sowat 4 500 jaar gelede[1] Die oorskot van een van die laaste oorlewende mammoete, wat van 4 300 jaar gelede dateer, is op Wrangeleiland naby Siberië ontdek. Op die Groot Ljachof-eiland is oorskotte gevind waarvan die vel nog vir kloning geskik kan wees en daar word eksperimente op hierdie gebied onderneem.

Mammoete het in die familie Elephantidae voorgekom wat ook die twee genusse moderne olifante en hul voorsate bevat.

Mammoet

Tydperk: Vroeë Plioseen – vroeë Holoseen 5–0.0045 m. jaar gelede



’n Model van ’n mammoet.

Wetenskaplike klassifikasie

Koninkryk:	Animalia
Filum:	Chordata
Klas:	Mammalia
Orde:	Proboscidea
Familie:	Elephantidae
Tribus:	Elephantini
Genus:	†***Mammuthus*** Brookes, 1828

Tipespesie

†***Mammuthus primigenius***

Sinonieme

- *Archidiskodon* Pohling, 1888
- *Parelephas* Osborn, 1924
- *Mammonteus*

Inhoud

Eienskappe en gedrag
Evolusie
Uitsterwing
Verwysings
Eksterne skakels

Eienskappe en gedrag



’n Rekonstruksie van ’n steppemammoet.

Nes hul moderne verwante was die mammoete baie groot. Die grootste bekende spesies was by hul skouers sowat 4 m hoog en het tot 8 ton geweeg, terwyl mannetjies soms tot meer as 12 ton geweeg het. Die meeste spesies was egter so groot soos die moderne Asiatiese olifant (wat sowat 2,5 m tot 3 m hoog is en selde meer as 5,4 ton weeg). Albei geslagte het lang slagtande gehad. ’n Eerste, kleiner stel het op sowat ses maande hul verskyning gemaak, en dit is op sowat 18 maande deur ’n groter, permanente stel vervang. Dié het sowat 2,5 tot 15,2 cm per jaar gegroei.[2]

As ’n mens studies van hul nabye verwante, die moderne olifante, in ag neem, was hulle sowat 22 maande lank dragtig en het hulle daarna die lewe aan een kalf geskenk. Hul sosiale struktuur was waarskynlik dieselfde as dié van die Asiatiese en Afrika-olifant, met wyfies wat in troppe voorgekom het met ’n matriarg aan die hoof, terwyl bulle ná seksuele rypheid alleen of in kleiner, losser groepe voorgekom het.[3]

Wetenskaplikes het die oorblyfsels van ’n mammoetkalf bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom die vet in die dier het ’n groot rol gespeel in sy vorm en sy vermoë om groot hoeveelhede voedingstowwe te berg. So kon hulle oorleef in die koue klimaat waarin hulle voorgekom het, met temperature van tot -50 ºC.[4] Dit het ook hul spiermassa verhoog, wat hulle in staat gestel het om langer te leef en teen vyande te veg.[5]

Evolusie

Die eerste bekende lede van Proboscidea, die klade wat olifante bevat, het sowat 55 miljoen jaar gelede om die Tetis-see (tussen die ou kontinente Gondwana en Laurasië) voorgekom. Die familie Elephantidae het sowat 6 miljoen jaar gelede in Afrika voorgekom en sluit moderne olifante en die uitgestorwe mammoete in. Die volgende diagram wys die plek van die genus *Mammuthus* tussen die ander lede van Proboscidea.[6]



’n Studie in 2010 het daarop gedui dat die skeiding tussen die mammoet en Asiatiese olifant sowat 5,8 miljoen tot 7,8 miljoen jaar gelede plaasgevind het, terwyl die Afrika-olifant tussen 6,6 miljoen en 8,8 miljoen jaar gelede van ’n vroeëre gemeenskaplike voorouer afgeskei het.[7]

’n Vergelyking van verskillende mammoetspesies met die mens.

Die eerste bekende lede van die genus *Mammuthus* is die Afrika-spesies *M. subplanifrons* van die Plioseen en die *M. africanavus* van die Pleistoseen. Eersgenoemde is vermoedelik die voorouer van latere vorms. Mammoete het sowat 3 miljoen jaar gelede hul verskyning in Europa gemaak. Die eerste bekende Europese mammoet is *M. rumanus*; dit het oor Europa en China versprei. Nog ’n spesie het 2 miljoen tot 1,7 miljoen jaar gelede van hulle afgeskei en hulle vervang: *M. meridionalis*. Hierdie spesie is weer deur die steppemammoete (*M. trogontherii*) vervang – hulle het sowat ’n miljoen jaar gelede in Oos-Afrika ontstaan.[8]

Die Columbiaanse mammoet het uit ’n groep *M. trogontherii* ontwikkel wat sowat 1,5 miljoen jaar gelede oor die Beringstraat na Noord-Amerika getrek het. Die wolhaarmammoet het in Siberië uit die *M. trogontherii* ontwikkel. Wolhaarmammoete het sowat 100 000 jaar gelede hul verskyning in Noord-Amerika gemaak.[9]

Uitsterwing

Die wolhaarmammoet was die laaste spesie van die genus. Hulle het saam met die vroeë mense voorgekom, en dié het die diere se bene en slagtande gebruik om kuns, gereedskap en blyplekke te skep, en hulle het die vleis geëet.

Lyuba, 'n gemummifiseerde wolhaarmammoetkalf.

Die spesie het sowat 10 000 jaar gelede, aan die einde van die Pleistoseen en die huidige ystydperk se laaste glasiale tyd, van die vasteland af verdwyn – waarskynlik weens klimaatsveranderings en die gevolglike krimping van sy habitat of omdat hy deur mense gejag is, of 'n kombinasie daarvan. Geïsoleerde groepe het tot sowat 6 400 jaar gelede op St. Paulus-eiland naby Alaska en tot 4 000 jaar gelede op Wrangeleiland naby Siberië voorgekom. Nadat die diere uitgesterf het, het mense voortgegaan om hul ivoor te gebruik – 'n praktyk wat vandag nog voortduur.

Verwysings

1. "Woolly Mammoth (*Mammuthus primigenius*)" (https://web.archive.org/web/20120304153709/http://www.ansp.org/museum/jefferson/otherFossils/mammuthus.php) (in Engels). The Academy of Natural Sciences of Drexel University. Geargiveer vanaf die oorspronklike (http://www.ansp.org/museum/jefferson/otherFossils/mammuthus.php#top) op 4 Maart 2012. Besoek op 7 Maart 2012.
2. Agenbroad, Larry; Nelson, Lisa. *Mammoths*. Minneapolis: Lerner. p. 34. ISBN 978-0-8225-2862-3.
3. "Columbian Mammoth & Channel Island Mammoth" (https://web.archive.org/web/20180915103726/http://library.sandiegozoo.org:80/factsheets/_extinct/mammoth/mammoth.htm) (in Engels). San Diego-dieretuin. Geargiveer vanaf die oorspronklike (http://library.sandiegozoo.org/factsheets/_extinct/mammoth/mammoth.htm) op 15 September 2018. Besoek op 15 Junie 2010.
4. Peter D. Moore (2008). *Tundra* (http://books.google.com/books?id=aIMquAAACAAJ). Facts On File. p. 198. ISBN 978-0-8160-5933-1.
5. Maschenko, E.N.; Boeskorov, G.G.; Baranov, V.A. (2013). "Morphology of a mammoth calf (*Mammuthus primigenius*) from Ol'chan (Oimiakon, Yakutia)". *Paleontological Journal* 47 (4): 425.doi:10.1134/S0031030113040096
6. Shoshani, J.; Ferretti, M. P.; Lister, A. M.; Agenbroad, L. D.; Saegusa, H.; Mol, D.; Takahashi, K. (2007). "Relationships within the Elephantinae using hyoid characters". Quaternary International. 169-170: 174. Bibcode:2007QuInt.169..174S.doi:10.1016/j.quaint.2007.02.003
7. Rohland, N.; Reich, D.; Mallick, S.; Meyer, M.; Green, R. E.; Georgiadis, N. J.; Roca, A. L.; Hofreiter, M. (2010). Penny, David, ed."Genomic DNA Sequences from Mastodon and Woolly Mammoth Reveal Deep Speciation of Forest and Savanna Elephants". PLoS Biology 8 (12): e1000564. doi:10.1371/journal.pbio.1000564.PMC 3006346. PMID 21203580
8. Lister, A. M.; Sher, A. V.; Van Essen, H.; Wei, G. (2005). "The pattern and process of mammoth evolution in Eurasia". Quaternary International. 126–128: 49. Bibcode:2005QuInt.126...49L.doi:10.1016/j.quaint.2004.04.014
9. Lister, A.; Bahn, P. (2007). Mammoths - Giants of the Ice Age (3 ed.). Londen: Frances Lincoln. ISBN 978-0-520-26160-0

Eksterne skakels

-
- Wikimedia Commons het meer media in die kategorie Mammoet.
- Hierdie artikel is vertaal uit die Engelse Wikipedia

Taksondatabasisse	Wd: Q36715 · BioLib: 129296 (https://www.biolib.cz/cz/taxon/id129296) · EoL: 3014669 (https://eol.org/pages/3014669) · Fossilworks: 43266 (http://fossilworks.org/bridge.pl?a=taxonInfo&taxon_no=43266) · GBIF: 4825832 (https://www.gbif.org/species/4825832) · iNaturalist: 201599 (https://www.inaturalist.org/taxa/201599) · NCBI: 37348 (https://www.ncbi.nlm.nih.gov/Taxonomy/Browser/wwwtax.cgi?mode=Info&id=37348)
Normdata	LCCN: sh85080280 (https://id.loc.gov/authorities/subjects/sh85080280) · NDL: 00567453 (https://id.ndl.go.jp/auth/ndlna/00567453)

Ontsluit van "https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Mammoet&oldid=2228594"

Die bladsy is laas op 8 Julie 2020 om 16:33 bygewerk.

Die teks is beskikbaar onder die lisensie Creative Commons Erkenning-Insgelyks Deel. Aanvullende voorwaardes kan moontlik ook van toepassing wees. Sien die Algemene Voorwaardes vir meer inligting.